# *Jehova-Jireh*

. . . baie, Broer Buntain.

2 Goeiemôre aan die klas, dis 'n—'n voorreg om hier te wees. Gister was 'n rooi-lig dag in my, of, rooi-letter dag, sou ek gesê het, in my bediening. Ek dink die broer wat dit vertaal het, wil dit self kom lees een van hierdie dae van wat gister gesê is, en so 'n fenomenale ding wat plaasgevind het.

3 En ek het 'n traktaatjie gekry wat iemand hier uitgedeel het, genaamd *'n Baptiste Skrifgeleerde*, Ek dink dit was Broer Paul Boyd, ek's redelik seker. Lees dit, as hy nog van hulle het. Dit, ek het dit nog nooit gelees tot vanmôre, sover ek weet nie.

4 En ek—ek het dit gelees, ek het net vroeg opgestaan, en ek hou daarvan om vroeg op te staan Sondagoggend en rond te loop, julle weet, omtrent al die—die demoniese kuierplekke bly laat oop in die nag, hulle slaap laat, en dan kan jy uitkom in die koelte en liefde van die môre. Dis net soos, wel die, julle weet, die atmosfeer wat in die nag neerdaal, jy kan uitstap, jy kan die—die kamperfoelie ruik, en die blomme, en dinge, want dis die soetheid van die môre wat daardie dou bring en die aroma het.

5 En dis hoe ek dink ons altyd moet maak as daar na ons preekstoel toe gekom word, is om ingesluit te wees met God, en die wêreld daarbuite, dat jy kan instap met die—met die salwing van die Heilige Gees. So pragtig! Ek hou so baie daarvan.

6 Ek het 'n paar oomblikke gelede daaragter gestaan, en ek het gehoor daardie lied begin, *Glo Net*, ek het oorkant toe gekyk na my seun en Broer Borders, en ek het gesê: "Dink net, daardie—daardie lied het my ingeroep na die platvorm toe, ek reken, veertig verskillende tale, om die wêreld."

7 Ek onthou, ek het by Paul Rader se voete gesit toe hy dit geskryf het. Hoeveel het al ooit van Paul Rader gehoor? Sekerlik, ons het omtrent al almal, by die, 'n Baptiste broer by Fort Wayne Evangelie Tabernakel. En ek onthou die mooiste wat dit vir my geklink het, dit klink altyd mooi, maar dit is nou al vir veertien jaar my temalied, vir veertien jaar, vandat ek op die veld was.

8 En ek onthou hoe ek daaragter in die Rediger Tabernakel gesit het toe ek was . . . die Fort Wayne Evangelie Tabernakel toe ek 'n diens gehad het, en ek in Paul se studeerkamer gesit het, net waar hy daardie lied geskryf het, en ek het daar gesit, het met F. F. Bosworth gepraat, en—en 'n paar predikers, net voor ek na die preekstoel toe gegaan het, en soet begin inkom oor daardie luidspreker, o, goeiste, ek het gedink: "Paul, ek wens ek kon nou jou hand skud," julle weet. Julle weet, hy was, Paul was 'n groot man van God, hy was regtig, 'n groot sielewenner.

9 Julle weet, sy laaste woorde hierbo, toe hy sterwend was, hy het in die begraafplaas hier oorkant ingegaan, en dit het hom doodgemaak. So, toe hy sterwend was, het hy gesê—hy gesê: "As ek," toe hy sy hand op 'n—'n broer se skouer gesit het, dit was 'n vriend van my, wat nog vandag leef, hy het gesê: "as ek my boodskap van genade sou verkoop het aan die rooi-warm Pinksters, in plaas van om dit op julle Baptiste te gooi, sou ek gewees het. . . 'n langer lewe gehad het."

10 En dis reg. Sy boodskap van genade vir die Pinksters vertel het, in plaas van net—net gepla en verdruk, en *hierdie*, en die groot tempel, en die bou-affêre, hy was 'n geestelike man, so dit het net die lewe reg uit hom uitgesmoor, en hom kanker gegee, en hy het gesterf.

11 Net voor hy gesterf het, het hy sy broer, Luke, geroep. Die Moody Bybel, daarbo by Chicago, het 'n—'n klein kwartet afgestuur om vir hom te sing. En Paul het altyd 'n sin vir humor gehad. Ek reken julle het vir Paul geken, hoe. . .

12 En Luke was erger as wat hy was, Luke was so 'n yslike groot grapjas, jy kon nooit sê wanneer hy opreg was nie. Hy het altyd in die restaurant ingegaan, en hulle het, toe hulle hierdie gehad het. . . Wat is dit, Gene, noem jy hierdie goed wat jy gehad het, soort van 'n lang. . .? Julle weet, gemaalde, gemaalde, hulle het dit nou in klein blokkies. Een of ander soort—een of ander soort. . . Nee, dis 'n—dis 'n ontbytgraan. Gemaalde Koring. Hy het altyd daardie klein, lang goedjies soos daardie gehad, en hy het hulle *popmatrasse* genoem. Hy het vir die dame gesê: "Bring vir my 'n paar popmatrasse." Hy was 'n vreeslike eter.

En hy het een oggend vir die dame gesê:

Gesê: "Wat kan ek vir jou kry?" 'n Klein, suidelike meisietjie.

Hy het gesê: "Wel, ek sal 'n halfdosyn eiers neem, en 'n pond ham, en omtrent tien rolletjies."

Sy het haar voetjie gestamp, sy het gesê: "Nou wanneer jy besluit om vir my te sê wat jy wil hê!"

Hy het gesê: "Dis wat ek wil hê," en hy was 'n groot eter.

"Dit," het Broer Bosworth gesê: "dis wat hy wil hê."

Hy het gesê: "Wat makeer? Is julle nie gewoond om mans hier onder in die suide te voer nie?"

Sy het gesê: "Ja, meneer, maar nie om silo's te vul nie." Hy—hy het nogal 'n sin vir humor gehad.

13 Paul, toe hy op sterwe was, en hierbo in die hospitaal, Los Angeles, en toe hy—hy gesê het. . . Paul en sy broer het gebly, was saam soos ek en Billy saam is, hulle het altyd by mekaar gebly. En so, hy—hy het gesê: "Waar is Luke?" En Luke wou hom nie hê, hom sien sterf nie, hy het in 'n ander kamer ingegaan.

14 Die, en die koortjie het gesing, of, die klein kwartet wat *Nader, My God, By U* gesing het, Paul het soort van bygekom, rondgekyk, gesê: "Wie sterf, ek of julle?" Al daardie treurige musiek. Hy het gesê: "Trek daardie blindings op, en sing vir my 'n paar opgewekte Evangelieliedjies."

So hulle het begin sing: "Onder by die kruis waar my Verlosser gesterf het."

Gesê: "Dit klink beter." Gesê: "Waar is Luke?"

Hulle het gesê: "Hy's buite in die ander kamer."

15 Gesê: "Sê vir hom om hiernatoe te kom." Luke het ingekom, soort van sy trane onderdruk, geweet sy broer was op sterwe, so hy het gesê hy het sy hand uitgesteek, en sy hand gevat, en gesê: "Luke, ons het 'n lang pad saam gekom, het ons nie?"

Gesê: "Ja, ons het, Paul."

16 Gesê: "Dink daaraan, binne vyf minute van nou af, sal ek in die Teenwoordigheid van Jesus Christus staan, geklee in Sy geregtigheid," sy broer se hand gedruk, en gesterf. O, dis die manier! Dis reg.

17 Ek het by Dr. Bosworth gestaan toe hy heengegaan het; en ek het gehoor van Moody se getuienis toe hy heengegaan het; en ons moet ook heengaan. Ek het hulle in my arms gehou, en hulle voel sterf, afkoel, dan weer uitstrek, skree om genade en vra vir hulp; ek het hulle sien sê: "Laat my teruglê op jou bors, Broer Branham," hulle hande opsteek en sing:

> Blye dag, blye dag,
> Na Jesus my sondes weggewas het!
> Hy het my geleer om te waak en bid.

18 Ek onthou 'n vriendjie van my, wat ek vasgehou het, hy het gesê: "Kan jy Hom nie sien nie, Broer Branham? Daar kom Hy." Hy het gesê: "Wel, vaarwel aan jou, Broer, totdat dit jou op die ander Oewer tref." Sy hande uitgesteek, gesê: "Ek sal jou op die ander Oewer sien." Hy het gesê: "O, Here Jesus!" En hy het sy hoof gebuig en op my skoot geval. Sien? Dis die manier om te gaan, sien, dis reg. Hy was 'n dierbare, gelowige seun.

19 En dit, ek glo daar is eenkeer in die Skrif geskryf, dat Dawid, glo ek, gesê het hy het die bose in mag gesien, en wat uitsprei soos 'n groen lourierboom, wat net vooruitgaan, en alles doen, maar die Here het vir Dawid gesê: "Maar het jy hom ooit aan die einde gesien?" Dis waar dit tel is aan die einde, nie wat hier is nie, dis wat, die einde. En dis hoekom ek probeer met my hele hart, om te laat. . .mense onder na die einde toe te wys.

20 Nou, voor ek hierdie boodskap vanmôre gaan voltooi, as die Here wil, maar hier's die rede waarom ek dit moet inskerp, as jy dit nie geestelik kan begryp nie. . .

21 Sê, jy wat vir my 'n brief geskryf het, daarbuite oor Eségiël 33:33, jy slaan die spyker op sy kop, maar bly net stil.

22 Nou, soos—soos gaan. . . Ern Baxter het vir my gesê, hy het gesê daarbo in Kanada het hulle 'n—'n kompetisie gehou vir hierdie nuwe Schwinnfiets, sou 'n kompetisie hou wie kon ry, want ek glo, 'n honderd treë plank, veertien- of sestien-duim breed, sonder om van 'n twee-voet, drie-voet oprit af te val, reguit afgaan met daardie oprit, wie die naaste aan die einde kon ry, wat die wenner van die fiets sou wees.

23 Wel, Ern het gesê hy het geweet hy gaan dit wen, gesê omdat hy dorp toe kon gaan, kruideniersware vir sy ma kry, en nooit eers aan die handvatsels raak nie, gesê net afgaan, jy weet hoe jy 'n fiets ry, gesê hulle was net gesoute ruiters.

24 Gesê toe hulle almal daar opgekom het daardie dag om te ry, het hy gesê hulle het 'n ou, verwyfde seuntjie gehad, hy was soort van 'n swak kêreltjie, en hy was die enigste een wat dit gery het. Hy het dit reg gery, reguit tot by die einde, het van sy fiets afgeklim, elkeen van hulle het afgeval voor hulle nog êrens gekom het. So almal van hulle het gekom, die kêrels het om hom saamgedrom, en gesê: "Hoekom het jy dit gedoen? Hoe het jy dit gedoen?"

25 Hy het gesê: "Nou, kêrels, ek gaan julle sê wat—wat dit was." Hy het gesê: "Ek het elkeen van julle opgelet, waar julle julle fout gemaak het," en gesê: "Ek het geslaag as gevolg van julle fout." Gesê: "Toe julle op julle fiets geklim, en hulle julle gestoot het," gesê: "Ek het julle opgelet soos *hierdie*, om dit op die plank te probeer hou." Hy het gesê: "Sien, wanneer jy afkyk soos *hierdie*, raak jy senuweeagtig." Hy het gesê: "Toe hulle my gestoot het, het ek my oog op die einde gehou, en regop gebly."

26 Daar het julle dit. Sien, dis reg, vriend, moenie hieronder kyk wat vandag of môre aangaan nie, hou jou oog op die einde, en bly regop. Sien? As julle gaan kyk, en: "Wel, as ek nie *dit* doen nie, as ek nie *dit* doen nie, as ek. . . " julle sien, julle gaan beslis afval so seker as die wêreld, sien. Hou net jou oog op die einde, en aan die einde van elke lewe ontmoet jy Jesus. Dis reg. So hou net jou oog op die einde, en bly regop.

Laat ons bid.

27 Vader God, ons gaan nou in U Teenwoordigheid in, in U heiligdom, waar die goedheid van God opgeberg is vir hulle, die verborge Manna. Ek bid, God, dat U Dit vrylik sal breek vir ons vanmôre, in hierdie paar minute van onderrigting, om hierdie groot studie oor U dienskneg af te sluit, die groot aartsvader Abraham.

28 Ons dank U vir hierdie kerk en vir sy oop deure, ons dank U vir die pastoor en sy dapper posisie. En om hom te sien, Vader, hoe hy geseën en gehelp word, ons is so bly daaroor. Ek dink aan daardie kosbare, ou vader van hom in Kanada, en hoedat hy

gestaan het vir dit wat reg was in sy dag, sy uur. God, mag sy seun daardie voetstappe volg en nooit toegee nie, maar reguit by die Gees en die Evangelie bly. Ek bid vir sy kerk hier, hierdie pragtige mense wat ingeroep is.

29 Hemelse Vader, U bring ons na die huis van teregwysing, en teregwysing begin by die huis van God, oordeel begin hier. En as ons. . .Sommige mense se sondes gaan voor hulle uit, party volg, Here, laat ons s'n voor ons uitgaan soos ons hulle bely dat hulle verkeerd is, en mag ons genade en barmhartigheid kry van U Seun, Jesus.

30 Seën al die vreemdelinge in ons poorte, ons bid dat U hulle die uitermatige oorvloedige van U Gees sal gee. En mag hierdie klein herlewing wat nou begin het, nooit eindig totdat Jesus kom nie, skenk dit, mag dit 'n klein vuurtjie in ons almal se harte wees.

31 En ek is seker, Here, dat hulle almal die—die posisie verstaan wat ek vir U inneem, dat dit reg moet wees, dis 'n smal weg, en daar's nie plek op die pad, behalwe vir net die een persoon en Jesus nie, so dis, ons moet daardie weg bewandel, Here. Ek bid dat die gehoor daardie visioen sal kry, en mag dit nooit hulle harte verlaat nie, skenk dit.

32 Seën ons deur die aand, soos ons in die genesingsdienste inkom vanaand, mag daar 'n uitermatig kragtige diens van U genesingskrag wees, vanaand, om die verlamdes te laat loop, die blindes te laat sien. Mag hulle inkom, Here, en hulleself insluit by U, en opkyk na U. Mag U groot Gees hier wees. Mag hulle nie kom met enige verwarring, of op enige manier kom nie, maar net onder die groot verwagtinge, dat U U oorvloedige seëninge op hulle gaan uitstort en hulle die begeerte van hulle hart sal gee, want ons glo dis die Vader se wil om goed te wees teenoor al Sy kinders.

33 Daar staan geskrywe in die Skrif: "Ek wens bowenal dat julle gesond sal wees." Want Here, ons kan U nie dien wanneer ons siek, en terneergedruk voel, en ons op ons beste voel, dan kan ons ons beste lewer, en ek bid dat U ons sal help om op ons beste te wees, deur Jesus Christus' Naam. Amen.

34 Nou, vanaand, wil ek graag al die mense hê. . .Nou, daar sal net 'n klein tydjie wees om die gebedskaartjies uit te gee, die kêrels sal hier wees om die gebedskaartjies uit te gee, en om sesuur net hier in *hierdie* sitplekke te sit, net *hier* binne. Dan sal hulle hier opstaan voor julle, die kaartjies skommel, hulle uitdeel vir julle. Nou, maak seker, om sesuur.

35 Nou, as jy nie kom nie, dan kan jy nie. . .En julle laat die persoon kom, nou, diegene wat die instruksies van die dienste gekry het, die kaartjies is onomruilbaar, moet hulle nie uithaal en hulle vir Jones gee nie, en hy sal nooit kom nie, en soos daar, neem jy jou kaartjie en gaan sit, wag net daar tot die tyd kom om geroep te word.

36 En wees dan presies sesuur hier, want ek dink hulle het ander werksaamhede hier van, soos ek weet omtrent alle kerke het, soos almal van hulle, so hulle, ons wil julle vroeg hier hê sodat ons dit van ons hande kan afkry, en dan sal ek klaar wees dan omtrent sewe-dertig, kwart voor agt, iets soos wat ek dink dit is (Is dit nie, Broer?), om vir die siekes te bid.

37 En nou, ek wil hê julle moet altyd hierdie voorste sitplekke vir die siekes los, as ek hulle hierbo kan kry, sien, ek kry hulle reg rondom my. Gisteraand moes ek 'n entjie stap na die tyd, die salwing het afgedaal nadat ek, net, so hard in daardie boodskap ingegaan het, julle sien, die Gees van die Here, toe het Dit neergedaal om te gee, die onderskeiding te gee, ensovoorts. En daar het iemand hier agter my gesit, 'n lieflike broer, ek het omgedraai en iets gesien, het my kop vir hom geknik, en ek het hom daarbuite in die kamer ontmoet, en ek vertrou op God dis nou alles verby. En so, dit net, jy moet versigtig wees.

38 Mense dink hierdie is baie maklik, hierdie is die moeilikste ding waarin jy ooit geklim het. Ek het dinge gesê, en huis toe gegaan en gehuil tot my kussingsloop nat sou wees. Ek het my vrou, haar arms om my laat sit, en in die middel van die vloer gesit en huil, in die aand. Jy—jy moet dinge doen wat jy nie wil doen nie, sien, dis die Gees wat dit doen. Jy—jy kan niks anders wees as wat jy regtig is nie. Sien? Jy het. . . As jy nie die leiding van jou—jou gees volg nie, dan doen jy iets wat jy nie gelei voel om te doen nie, dan—dan is jy 'n skynheilige, sien. Wees wat jy is, maak nie saak wat jy is nie, wees dit, sien, wees net dit. En dit maak dit baie moeilik.

39 En dan een of ander tyd wanneer die salwing neerdaal, en jy kan oorkyk en dinge sien. Hier nou die dag het ek aan 'n tafel gesit met—saam met 'n paar predikers. O, ek wens ek het nie daar gaan sit nie. Ek het net—ek het pas uit 'n diens gekom, hulle wou hê ek moet saam met hulle gaan eet, en daar het daardie man gesit, oor die tafel gekyk en vir my 'n sekere ding gesê: en eerlik, ek—ek sou—ek sou gee, vandag, vyfhonderd dollar as ek kon, as ek nooit na daardie aandete toe gegaan het nie. Sien? Want ek het altyd die grootste respek vir die man gehad, en daar wat ek gesien het! *Tsk!* Sien? Dit. . .

40 Jy dink hierdie is maklik, broer, jy besef nie, jy besef net nie wat nie, dit—dit maak dood, en net 'n klein bietjie daarvan. Praat jy net met iemand wat jy ken, oor hulle—oor hulle toestand, of so-iets, dis net soos. . .

41 Julle sien, julle besef nie, maar julle is die een wat daardie visioene bring, dis nie ek nie, dis julle. Ek kon dit nie doen nie, ek. . . dit. . . Ek beheer dit nie, dit beheer my. Nou, net. . . (Kan ek omtrent vyf minute ekstra hê? Ek dink dit sal ons diens help, sien.)

42 Ek sal julle sê wat, sien, ons kom in ’n genesingsdiens in. Nou kyk, ons is almal klein seuntjies, en ons gaan onder na die sirkus toe, ’n karnaval wat dorp toe kom, of, die sirkus, almal van ons. Wel, dit is, ek’s ’n baie groot, maer, lang kêrel, en—en ek loop daar, en julle is kort, swaar geboude, fris kêrels. Wel, ons loop daar, hoe gaan ons inkom? Dis agter ’n houtheining. Wel, dit is, ek kyk *hier* bo, en hier’s ’n kwasgat *hier* bo. Wel, ek—ek sê . . .

Hulle sê: “Haai, Broer Branham, wat gaan daarbinne aan?”

“Wel, spring op en kyk.”

“O, ek sou dit nooit haal nie.”

43 Sien, ons moet wees wat ons is: “Gawes en roepings is sonder bekering.” Toe jy in hierdie wêreld gebore is, voor die wêreld ooit begin het, het God jou geken, jou posisioneel geplaas. As dit nie so is nie, dan is die Bybel nie so nie. Dis presies. God het ons name op die Lam se Boek van die Lewe geplaas, nie wanneer jy na die altaar toe kom nie, maar voor die grondlegging van die wêreld, dis reg, dis wat die Bybel gesê het. Dis reg.

44 Wanneer is die Lam geslag? Voor die grondlegging van die wêreld. En toe die Lam geslag is, is jou naam op Sy Boek geplaas. God het, deur Sy voorkennis, alle dinge gesien, Hy’s oneindig, Hy het die einde van die begin af geken. Hy wil nie hê dat enige moet verlore gaan nie, dis nie Sy begeerte nie, maar as God, moes Hy weet wie sou, en wie nie. Sien? Soos Esau en Jakob, het Hy een gehaat, en die ander liefgehad voor hulle selfs gebore is en ’n kans gehad het om enigiets te doen, want Hy was God, Hy het alles geweet.

45 Nou sien, en gawes en roepings is sonder bekering. Jesus kon nie help om die Seun van God te wees nie, Hy was—Hy was die Seun van God, voorbestem, voorbestem voor die grondlegging van die wêreld, en selfs geslag voor die grondlegging van die wêreld. Sien? Dis reg.

46 Jesaja het Johannes die Doper gesien sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is, en gesê: “Hy’s die stem van een wat roep in die woestyn.” Um-hum. Is dit reg? Hy kon nie help om Johannes die Doper te wees nie, hy was Johannes die Doper omdat God hom as Johannes die Doper verordineer het.

47 Ek dink dit was Eségiël die profeet, of, Jeremia, Jeremia, dink ek was dit, die profeet, ek glo Jeremia 1:4, het hy gesê: “Ek, voor jy nog verwek of gevorm is in die skoot, het Ek jou geken, jou geheilig, en jou geroep en jou as ’n profeet vir die nasies verordineer,” voor hy selfs in sy moeder se skoot gevorm is, sekerlik. Sien? God het in die kerk geplaas, eerste apostels, profete, ensovoorts.

48 Nou, daardie gawes, waar Paulus gesê het: “Ek . . . Bid ernstig vir die beste gawes,” dis kerkgawes, dis nie ampte nie. Daar’s ’n *gawe*, en dan ’n *amp*. Daar’s ’n amp, dis ’n profeet.

Daar's 'n groot verskil tussen 'n *profeet* en 'n *gawe van profesie*. Voor 'n gawe van profesie regtig in die kerk gegee behoort te word, moet dit voor twee of drie beoordelaars kom wat die—die gawe van onderskeiding het, om te sê of dit selfs gesê kan word, maar jy het nooit iemand voor Jesaja sien staan om dit te oordeel nie, sien, hy was 'n gebore profeet. Maar daardie profete, hulle was . . . hulle het SO SPREEK DIE HERE regdeur die lewe gehad. Sien? Sien, daar's 'n groot verskil.

49 Wat die, o, ek dink wat die kerk nodig het, is 'n baie goeie, Skriftuurlike lesse oor dinge, en dan is daar geen foute nie. As iemand opstaan en in tale praat, een die uitleg gee . . . Nou, ek's nie 'n beoordelaar nie, nee, maar deur onderskeiding weet jy dit, sommige daarvan is suiwer vleeslik, hulle sê: "Kyk, Hy kom. Kyk, Hy kom," en iets soos, wel, sekerlik, ons weet dit almal: God het gesê: "Moenie ydele herhalings gebruik nie," het ons gesê om dit nie te doen nie, en Hy sou dit nie doen nie.

50 Toe ons kerk, toe hulle een van hulle gegee het, toe ek my kerk aan die gang gehad het, toe ek die eerste keer Pinkster geword het, as 'n profesie gegee is, het al die begaafde mense eerste vergader, en hulle het gebruik . . . Hulle is deel van die kerk. Hulle het uitgebring, sê, as iemand in tale gepraat het, en iemand het die uitleg gegee, moes dit iets direk aan die kerk wees, moes 'n boodskap wees: "Sê vir Broer *So-en-so* om weg te bly *hiervan*, en moenie *dit* doen nie; of moenie by *hierdie* hoek wees op *daardie* tyd nie, want sekere ding gaan gebeur," en dan voor dit dan gegee kon word, moes dit onderskei word deur twee of drie verskillende onderskeiers, en hulle het hulle naam op die papier gesit en dit op my lessenaar gelê, en ek het dit uitgegee aan die kerk. As dit gebeur het, dank God; as dit nie het nie, sou ek hulle dit nie meer laat doen voordat hulle daardie bose gees van hulle afgekry het nie. Dis reg, dis reg.

51 Ons hoef nie 'n plaasvervanger te neem nie, die Pinksterhemele is vol van die egte. Waarom iets neem wat vals is wanneer daar 'n egte een daar is? Sekerlik. Maak dit eg, dan is daar geen foute nie. Sien, jy het dit net daar.

52 Iemand het gesê, soos: "SO SPREEK DIE HERE: Sê vir Broer Branham, vanaand sal daar 'n vrou inkom, sy kom van Ohio af, sy sou geklee wees in 'n sekere kledingstuk, sy het kanker. Maar toe sy 'n klein dogtertjie was, het sy geld gesteel uit 'n tesourie, sy kan nooit genees word nie. Sê vir haar—sê vir haar gaan vat daardie geld terug, en maak dit reg, SO SPREEK DIE HERE, sy sal genees word." Daar is dit. As daar nie 'n boodskap direk aan iemand soos daardie was nie, was dit vlees, het ons dit glad nie aanvaar nie.

53 Wat as ek hier kom en sê: "Die Here sê vir my iemand het nierprobleme. Hoeveel het nierprobleme?"

54 Sekerlik, dis oral in die gebou. Ek het dit so gesien nageboots word van 'n gawe van God.

55 "Iemand sê vir my, Here sê vir my, halleluja, ek voel, dis senuweeagtig, iemand hierbinne is senuweeagtig."

56 Sekerlik, die hele skare is. Nee, dis nie dit nie. Wie is dit? En waar het hulle vandaan gekom? Wat het dit veroorsaak? En wat gaan die uiteinde wees? Sien? Dis vleeslike nabootsings, wat vleeslik is in die oë van God.

57 Waarom dit aanvaar wanneer daar 'n egte een is? Waarom sou jy dit doen wanneer daar 'n egte is? So, hier's wat dit is, sien, dan ver opstrek, en optrek, dis die gawe, sien, die persoon wat daar staan. Sien?

Ek kyk op, ek sê: "*Huff!* Ek het 'n kameelperd gesien."

"O, jy het?"

58 Nou, julle weet wat dit is? In die natuurlike, nou, ek wys julle 'n gelykenis, in die natuurlike, nou, sien, miskien die ander broers, hulle kan water dra, hulle is sterk, maar ek is toevallig gebore om lank te wees. God maak ons wat ons is, predikers, evangeliste, apostels, profete, God plaas in die kerk. "Wie, deur te dink, kan een el by sy lengte voeg?" Jy kan dit nie doen nie. Moenie *hierdie* een probeer wees wanneer jy *daardie* een is nie, sien, wees net wat jy is.

59 Nou, wat doen dit? Dis jy wat dit self doen, sien. Staan op: "*Huff!*" Maak my amper dood. Sê: "O, dis, ek—ek het 'n kameelperd gesien."

"Wat het jy nog gesien?"

"O, goeiste!" Hier gaan ek weer, spring op: "*Huff!* 'n Olifant."

"O, het jy?"

60 Sien, nou dis op die platvorm, dis hoe jy God se gawe gebruik. Dis dieselfde ding wat die vrou gedoen het wat Sy kleed aangeraak het. Sien? Hy het nooit gesê: "Ek het *so-en-so* gemaak nie." Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Sien? Hy het omgekyk, sy het Sy kleed aangeraak, en gesê: "Ek merk dat daar krag van My uitgegaan het." Rondgekyk oor die gehoor tot Hy haar gevind het, en gesê: "O, jou geloof het jou gered." Sien? Hy het gesê: "Ek . . . "

61 Maar kyk nou, toe die Vader Hom gewys het dat Lásarus sou sterf . . . Nou, onthou, Jesus het nooit een ding gedoen sonder dat die Vader Hom eers gewys het nie. Hoeveel weet dit? Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar," dis *absoluut*, *absoluut*, "Ek sê vir julle, dat die Seun niks kan doen, totdat Hy die Vader dit eers sien doen nie." Dis reg.

62 So die Vader het vir Hom gesê: "Gaan nou weg, want Lasarus gaan sterf, en na vier dae, of, *soveel* dae, kom terug, en Ek sal Jou hom weer laat oprig." Sien?

63 Wel, Hy het weggegaan, Hy het nooit gesê waarnatoe Hy gaan nie. Lasarus het siek geword, hulle het Hom laat roep, en wel, Hy het net aangegaan, sien; Hom weer laat roep, Hy het net aangegaan, dit geïgnoreer. Dit was vreemd vir Hom, julle sien. Maar mense wat gelei word deur die Gees van God, het net—net geloof en glo. Hulle—hulle volg 'n visioen, hulle kan jou nie sê wat om te doen nie, los hulle net uit.

64 So toe, uitgevind, toe na Jesus die tyd geweet het wat die Vader Hom gewys het, is vervul, het Hy gesê: "Ons vriend Lásarus slaap."

Hy het gesê: "Wel, as hy slaap, doen hy goed, los hom. Wel, dis alles reg."

Hy het gesê: "Hy's dood. En om julle ontwil is Ek bly Ek was nie daar nie, maar Ek gaan om hom wakker te maak."

65 Hou Hom dop by die graf: "Vader, Ek dank U, U het alreeds. . . " sien, "maar Ek het dit gesê vir hulle wat daar staan," net om 'n voorbeeld te maak. En Hy het Lásarus uit die graf geroep en 'n man opgewek uit—uit sy slaap van die dood, wat vier dae in die graf was.

66 En vier dae het die neus al ingeval, julle weet dit, lykshuis. . . die liggaam het begin bederf. En Hy het daardie man se gees teruggeroep, en hom opgerig, en saam met hom na die aandete gegaan. Hy het gelewe, dis reg, en Hy het nooit een ding gesê van swak wees nie, maar die vrou het Sy kleed aangeraak, en daar het krag van Hom uitgegaan. Sien? Dis toe die Vader Sy gawe gebruik het.

67 Nou, dis net soos dit is in hierdie bediening, Ek kan in my hotelkamer wees, die Heilige Gees sal sê, of iewers by die huis, of waar dit ook al is, "Klim op 'n vliegtuig en gaan na 'n sekere plek toe, gaan na 'n sekere plek toe, jy sal 'n sekere plek vind om in te gaan," soos daardie, en groot dinge sal gebeur; soos hierdie, julle sien in die koerant daarvan, niemand het ooit geweet wie dit gedoen het nie, weet dit nog steeds nie, dis reg.

68 Daar by Denver daardie tyd, dis toe die Heilige Gees my uitgeroep het, daardie man met TB, en vir my gesê om daar te staan by daardie hoek van daardie tien-sent winkel totdat daardie man afgekom het met daardie Bybel in sy hand in daardie rolstoel. Net gesê: "Iets Geheimsinnig Het Gebeur: Man Genees In Rolstoel, En Man Verdwyn." Ek het nie verdwyn nie, ek het regdeur die tien-sent winkel gegaan, en buite in die stegie in, en aangegaan, regs, lughawe. Dis presies. Sien?

69 Maar hulle het nooit geweet wat dit was, daardie dinge nie. Want, sien, dis nie. . . Wat help dit? Sien, God kry die eer, en solank, ons probeer om die eer te neem in die mens, dan het jy dit alles verkeerd. Dis waarom ek nie mense roep en hande op hulle lê, sê: "Ontvang *hierdie*, broer, *hierdie* is *dit*," nie. Dis alles reg,

maar dit sit te veel, sê: "Broer Branham het sy hande op my gelê. Glorie aan God, ek het genees."

70 Laat *Broer Branham* daaruit bly. "Ek het die Here Jesus Christus gesien, en Hy het Sy hande op my gelê. Ek het my hand op Hom gesit, ek was nie eers in die gebedsry nie, Ek het net daar gesit en geglo, en Hy het Broer Branham omgedraai en *so-en-so* gesê." Daar het julle dit. Dis reg, dis die regte ding. Sien? Nou, sien dis dan die verskil.

71 Nou, wanneer ek opgaan om te sê: "Hier staan 'n vrou hier," en sy sê. . .Ek sê: "Aangename kennis?" wat probeer ek doen? Soos Jesus met die vrou by die put gepraat het, om te probeer kontak maak met haar gees. Sien?

En sy sê: "Aangename kennis?" Sien, dan vang ek haar gees.

72 Paar minute daarvan, vreemde vibrasie daarvan, of snaakse ding, ek: "Uh-oh, dis—dis—dis iemand wat iets probeer trek, wag nou net 'n oomblik," kyk wat met hulle gebeur, kyk net hoe hulle dit binne 'n rukkie van die platvorm sal afdra. Sien?

73 Ek—ek sê: "Aangename kennis?" Praat met hulle, begin iets sê, julle weet, en voor jy jou kom kry, as dit nie reg lyk nie, wag ek dan net, kyk wat die Heilige Gees sê. Sien?

74 En dan, soos 'n kêrel wat in 'n gebedsry gekom, voorgegee het, hy het gedink dit was telepatie, want hy het dit op 'n gebedskaartjie geskryf, hy het daarop geskryf hy het TB, en alles, hy het gekom, die ry, hy het gesê—hy het gesê: "Aangename kennis?"

75 En ek het gesê: "Aangename kennis, meneer?" En hy het gesê. . .Ek het gesê: "Wel, glo jy ek is Sy dienskneg?" Sien, dis wat die Engel gesê het: "Kry die mense om jou te glo."

"Ja, meneer."

76 En dit het nie reg geklink nie, dit het nie geregistreer nie. Sien, in myself sou ek. . .wel, hy het goed gelyk, net 'n goeie kêrel. Ek het gesê: "Ja, meneer." Met hom begin praat, ek het gesê: "Daar's niks verkeerd met jou nie, jy's heeltemal gesond."

Gesê: "Jy is verkeerd."

En ek het gesê: "Nee, ek is nie."

Hy het gesê: "Kry daardie gebedskaartjie daar, en kyk," gesê: "ek het TB, kanker," alles, wat hy alles geskryf het.

Ek het gesê: "Ek gee nie om wat jy op daardie gebedskaartjie het nie," ek het gesê: "daar's niks verkeerd met jou nie."

Hy het gesê: "Wel, ek het dit op my gebedskaartjie."

Ek het gesê: "Dit maak nie seer. . .Ek gee nie om wat jy op jou gebedskaartjie sit nie, dit beteken niks nie, sien, dis wat die Heilige Gees sê."

En hy het gesê: "Wel, dit is. . ."

Ek het gesê: "Wel, miskien het jy genoeg geloof gehad om genees te word voor jy in die diens ingekom het. Ek. . . "

Hy het gesê: "En dis hoe dit is!"

77 En ek het gedink: "Wat gaan hier aan?" Hy het gelyk asof hy 'n Christenman was. Rondgekyk, daar het ek oorkant teen die muur gekyk, soos na *hierdie* kant toe, en daar het ek dit gesien, wat uitbeweeg. En ek het omgedraai na hom, baie wat nou hier sit, was reg in die diens toe dit gebeur het, en ek—ek het gesê: "Waarom—waarom sal jy die duiwel so-iets soos daardie in jou gedagte laat sit?" Ek het gesê: "Nou, jy is 'n sekere kerk," ek sal nie die naam noem nie: "wat nie. . . glo die dae van wonderwerke is verby. En jy was nou die aand by die diens en het vir my gesê, en—en by jouself gesê, liewer: dat hierdie niks anders as 'n verstandstelepatie was nie."

78 En ek het gesê: "Daardie man wat net hier op die balkon sit met die rooi das aan, die grys pak, jy was nou die aand in sy huis, jy het by 'n tafel gesit met 'n doek daaroor getrek soos *hierdie*, en jy het besluit dat jy hiernatoe sou kom en dit op jou gebedskaartjie sou skryf, hier inkom."

En daardie man het uitgeroep en gesê: "Dit is die lewende waarheid," gesit op die platvorm, soos daardie.

79 En ek het gesê: "Omdat jy gesê het, en dit op jou gebedskaartjie gesit het, het jy dit nou." En, omtrent ses weke daarna, het hy gesterf. Um-hum.

80 Sien, ons speel nie kerk nie, ons lewe in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees. Julle onthou Ananias, Saffira, julle beter opreg wees, en reg met God, voor julle dit probeer. Onthou: "Dit is 'n vreeslike ding om te val in die hande van die lewende God." Sien?

81 Daar was dit, dit het reg op hom afgekom, en die diagnose van die geval en alles, het gewys hy het beide kanker en TB gehad. Hy het dit gesê, hy, en sy woorde het gebeur, dis net presies, hy het sy eie lot verseël, net presies.

82 Soos Dawid het toe hy voor Natan gestaan, en gesê het: "Die man sal sekerlik sterf." Sien, hy sal daarvoor moet betaal, julle weet wat Natan vir hom gesê het, hy het sy eie lot verseël. So, dis steeds dieselfde God, ons—ons dien nie 'n ander God van 'n ander dag nie. Nou, dis hoe dit is, so hê net geloof in God.

83 Nou, vir omtrent tien minute wil ek klaarmaak met *Jehova-Jireh*. Is julle gewillig om net 'n paar minute te wag? Is julle? Goed, ek weet julle is. . . Die boontjies sal nie brand nie, en as dit wel gebeur, sal nie—sal nie. . . hierdie—hierdie sal julle help.

84 Nou, gisteraand het ons Hom gelos, Jehova-Jireh, 'n seën, Abraham en Sara, en hulle die—die belofte van die seuntjie gegee het, en hulle terugverander na 'n jong man en 'n vrou. Glo julle dit? Sekerlik, Hy moes iets doen om haar te versterk,

so Hy het haar net terugverander, want dit het gewys, die einste eienskappe van wat sy gedoen het, het gewys dat sy weer 'n jong, pragtige vrou was.

85 En onthou, laat ek julle iets wys, Abraham was 'n honderd jaar oud, en hy het gelewe tot 'n honderd vyf-en-sewentig jaar oud, en na veertig jaar, nadat Isak veertig jaar oud was, het Abraham met 'n ander vrou getrou en het sewe seuns gehad behalwe die dogters. Amen. Sekerlik, hy het. Is dit reg? So, julle sien, Hy het hom terugverander na 'n jong man, haar terugverander na 'n jong man. Is julle nie bly dat julle kinders van Abraham is nie? Dis wat Hy eendag vir ons sal doen by Sy Koms.

86 Nou let op, vinnig nou, ons sal die hoogtepunt daarvan tref as ons moontlik kan. Nou, ons vind uit dat onmiddellik daarna, daardie klein Isak gebore is. God het haar terugverander na 'n pragtige jong vrou, en hom na 'n jong man, en klein Isak is gebore. En toe, toe Isak omtrent twaalf jaar oud geword het. . . Ek stel my 'n pragtige, klein, Joodse seuntjie voor. En wat 'n gevoel was dit vir daardie moeder en vader, na al hierdie jare, om die versekering te hê!

87 Wanneer God ooit een keer gebed vir jou beantwoord, dan weet jy dat Hy 'n gebedsverhorende God is. Is dit reg? Nou, hoeveel hier het die Heilige Gees ontvang? Steek julle hande op, almal wat die Heilige Gees het. Nou, hoe kan julle genesing betwyfel? Vir hoeveel hier is 'n gebed ooit beantwoord? Laat ons sien. Sekerlik. Dan is Hy 'n gebedsverhorende Vader, is Hy nie? Daar het julle dit. Kry die idee? As jy enigiets nodig het, vra. Gebrek aan wysheid, vra vir God, sien, Hy sal dit vir jou gee.

88 Nou, Abraham het geweet dat hy vasgehou het aan daardie belofte, en Hy het dit vervul. Sien? So, julle sien die seuntjie is gebore.

89 So, die Here het gesê: "Nou, Ek gaan daardie mense daaronder in die Gemeentes van God maak onder in Long Beach, omtrent vyf-en-twintighonderd jaar van nou af, gaan ek hulle 'n ware versekering gee, en laat die hele Saad van Abraham weet dat—dat Ek 'n gebedsverhorende God is, en dat Ek My beloftes aan My volk hou."

90 So Hy het gesê: "Ek gaan Abraham neem, want Ek weet hy glo My, en Ek gaan vra. . .Ek het hom klaar gesê Ek sal hom 'n vader van nasies maak, hy het vyf-en-twintig jaar gewag, totdat hy nou omtrent 'n honderd vyf-en-veertig jaar oud is, of, 'n honderd-en-twaalf jaar oud," iewers soos daardie, "nou gaan Ek vir hom sê om hierdie seuntjie te neem waarop hy gewag het, en hom opneem en hom doodmaak. Abraham sal My gehoorsaam."

91 Nou, wat 'n beproewing was dit vir Abraham! Dink aan wat dit was. Nou is ons in Génesis 22. Nou, aangesien hy nie, miskien, nie vir Sara wou sê nie, hy wou nie gaan en vir haar sê: "Sara, ek

gaan vir Isak doodmaak vanmôre" nie, nee, hy wou dit nie doen nie, so hy het net vroeg opgestaan, en 'n bietjie hout gekap, dit gekloof, sê die Skrif, dit in 'n, waarskynlik 'n klein sakkie gesit van een of ander soort, en dit op die rug van die muil gesit, en die dienskneg geneem, en vir Isak geneem, en hulle het drie dagreise ver geloop.

92 Nou, enige man, ek kan enige dag, dertig myl loop, ek het altyd gepatrolleer, ek het vir sewe jaar, dertig en vyf-en-dertig myl elke dag deur die wildernis geloop, en nou het ons petrolvoete. En manne in daardie dae waar hulle oral moes loop waar hulle wou kom, Abraham kon waarskynlik, in sy jong toestand toe, waarskynlik 'n honderd myl kon loop, maklik, binne drie dae.

93 Nou, kyk, van die beskawing af, is hy drie dae weg, en toe het hy sy oë opgelig en die berg daar ver gesien, waar die Here hom gewys het. Nou kyk waarheen hy gegaan het.

94 Nou toe, toe hy daar naby gekom het, het hy die muiltjies gestop, en hulle vasgemaak, die hout geneem en dit op Isak se skouer gesit. En hy het gesê. . .Nou luister hierna, o, hierdie is so pragtig! Dis. . .Ek wens net ons het baie tyd hiervoor gehad. Sien? So pragtig! Hy het gesê: "Wag jy hier met die muile; ek en die seun sal soontoe gaan om te aanbid, en ons sal terugkom."

95 Hoe gaan hy terugkom? Hy gaan hom doodmaak. Hoe gaan hy terugkom? Maar wat die. . .Neem oorkant in Hebreërs daar, as ons net gehad het, of, oorkant in Romeine die 4de hoofstuk, as ons net tyd gehad het om daardeur te gaan! Maar Abraham het dit in sy hart gesê: "Ek het hom ontvang soos een uit die dood, en ek is ten volle oortuig dat God in staat is om hom uit die dood op te wek."

96 'n Volmaakte tipe van God wat Sy eniggebore Seun gee, sien. Abraham het vir Isak geoffer, God wat Sy Seun gegee het, en 'n versekering gegee het, omdat God alreeds vir hom gesê het, "Ek het, Ek het jou 'n vader van nasies gemaak." Nou, Hy het hom alreeds die belofte gegee, en hy het geweet sonder een sweempie twyfel, wat hy sou wees, was hy alreeds. Nie "Ek sal" nie, "Ek het, Ek het dit alreeds gedoen."

97 En dis hoe jou genesing is, Hy het dit alreeds gedoen, daar's net een ding oor vir jou om te doen, dit te aanvaar. Dis hoe dit is met jou verlossing, daar's net een ding om te doen, dit te aanvaar.

98 Het daardie artikel gelees vanmôre van daardie *Baptiste Skrifgeleerde*, terwyl die broer uitgegee het, ek het opgelet daardie Baptiste prediker het gestaan en daarna gekyk, dit reg in die gesig gekyk, hy het gesê: "Ek wil daardie Pinksterseëning hê." God is geen aannemer van die persoon nie, met ander woorde. En hy het dit ontvang. En hy het groot dienste in Chicago gehad by Moody, en hy was 'n bekende Baptiste prediker.

99 Want as God dit aan jou bekend maak, dat dit vir jou is, dan is dit joune, behoort dit aan jou. As jy ’n sondaar is, en Iets sê: [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] “Ek’s die Here wat jou red,” is dit God se Stem, draai, luister daarna, aanvaar Dit en gaan aan. As Hy nooit klop nie, wel, kan jy dit net nie doen nie. So, dit is nie hy wat wil, of hy wat loop nie, dis God wat genade betoon. Dis reg. Sien, as God aan jou hart klop, is dit die grootste voorreg wat jy ooit in jou hele lewe gehad het, enigiemand ooit gehad het, is vir God om jou ’n uitnodiging te gee om na Hom toe te kom.

100 Nou, ons vind dat Abraham geloof gehad het, want hy het vyf-en-twintig jaar gewag vir die kind, en nou sê God vir hom om dieselfde kind te neem en hom dood te maak. Nou, wat ’n beproewing was dit nie! Maar Abraham het nooit getwyfel aan die belofte van God nie, hy het gesê: “As God hom vir my gegee het uit die dood, is God in staat om hom uit die dood op te wek, ek gaan net aan, want Hy het vir my gesê ek is die vader van nasies.”

Nou sien ek die duiwel wat op sy skouer probeer sit, en gesê het: “Abraham, as . . . jy weet jy het God lief.”

“O, ja, ek het God lief.”

101 “Wel dan, as jy Hom liefhet, hoe vernietig jy die—die einste bewys en die enigste ding wat kan wees, dat jy ’n vader van nasies sal wees?” Sien? “Hoe gaan jy dit doen? Hoe gaan jy ’n vader van nasies wees as jy vernietig jou . . . ? Die enigste saad wat jy het, is hierdie seun wat deur hierdie vrou belowe is. En nou, hoe gaan jy dit doen?”

“Wel, as God vir my gesê het ek is die vader van nasies, hang dit van Hom af om dit te doen. God het so gesê, en dit handel dit af.”

Kry die idee? “Hoe gaan ek wees, genees word as die dokter vir my sê ek gaan sterf?”

God het so gesê, en dit handel dit af. Dis die idee.

“Hoe gaan ek *hierdie* doen?” “Hoe kan ek in die lug opstrek en *iets* vind, en dit sal afkom, ’n element, en my genees?”

102 Ek—ek weet nie. Hoe het jy daar opgestrek en *iets* gevind wat jou gered het? Dis reg. Sien, dis groter as genesing, baie groter as genesing, want dit verander jou hele geaardheid, verander jou gedagte, verander jou gedagtes, verander alles in jou, so dis groter as daardie.

103 Nou, maar Abraham het God geglo. Nou, kyk wat gebeur het. O, ek dink hierdie is pragtig. Nou kyk, Abraham het nooit self die hout gedra nie, hy het die hout op Isak se rug gesit, sien, wys net dat ’n paar honderd jaar daarna, dat Christus, die ware Saad van Abraham, Sy Eie offerblok op Golgota sou opdra. Wanneer julle Jesus sien opgaan teen Gólgota, of, ek bedoel Abraham en—en sy

seuntjie, Isak, wat opgaan, en Isak wat hierdie hout gedra het, was dit 'n voorafskaduwing van Jesus Christus wat opgaan teen Gólgota, op pad na 'n heilig-. . . gehoorsaam.

104 En, julle weet, klein Isak het agterdogtig begin raak, en hy het gesê: "Vader," hy het gesê: "ons het vuur hier, ons het hout hier, ons het alles gereed, maar waar is die lam, die brandoffer? Waar is dit?" Hy het begin rondkyk: "Ek sien alles behalwe een ding." O, goeiste! "Hoe gaan dit wees?"

105 En kyk na die sterk stem van Abraham, hoe hy sy seun teruggeantwoord het, sien, hy het nie, miskien, hy het nie geweet wat hy gesê het nie, hy het gesê: "God sal 'n lam vir die brandoffer voorsien." God sal voorsien. *Jehova-jireh*: "Die Here sal vir Homself 'n offer voorsien." O, ek hou daarvan, en julle?

106 "Hoe gaan ek dit doen, Broer Branham? Ek is deur gebedsrye, ek het *dit* gedoen, ek het *dat* gedoen. Hoe kan ek dit doen?"

God sal voorsien.

"Hoe gaan jy hiermee wegkom? Julle so sê, weet julle julle maak julleself teikens? Ek. . . "

Maar God sal voorsien. Dis al.

"Hoe weet jy wanneer jy op die platvorm staan hierdie. . . ?"

107 God sal voorsien. Dis al wat ek weet. Hy het dit belowe, ons neem Sy Woord, ons glo Dit. Dit handel dit af, dis al, stap weg daarvan. Want God het so gesê, dis, dit moet net so wees.

108 Daar het die twee saam teen die berg opgegaan, uiteindelik by 'n plek gekom het, hy het die klippe teen mekaar gerol, die hout op sy plek gelê. En hou vir klein Isak dop, gehoorsaam tot die dood, soos Christus was. Sy hande agter hom omgesit, hulle vasgemaak, sy voete vasgemaak, en hy het hierdie seuntjie daarop neergelê, sy eniggebore seun, die saad wat die beloofde een moes wees, hom op die altaar gelê, sy hare uit sy gesig uitgevee, 'n mooi, klein seuntjie. Wat gaan moeder sê wanneer jy by die huis kom en sê dat jy daardie seun moes doodmaak? Maar God sal voorsien, solank jy Sy Woord gehoorsaam.

109 Sy klein koppie agteroor gegooi soos *daardie*, onder in sy boesem, afgehaal die. . . mes uit sy skede, en dit opgelig soos *daardie*, sy hare agtertoe gevee soos *daardie*, en in sy hart verstik, en dit teruggesluk, asof om te sê: "Totsiens, Isak, my seun," sy hand opgesteek, en omtrent daardie tyd, in volle gehoorsaamheid, selfs al doen jy iets verkeerd en wandel in gehoorsaamheid, is die Heilige Gees daar om jou te stop.

110 Jy sê: "Ek is bevrees as ek ooit die Heilige Gees ontvang, sal ek onwelvoeglik optree."

111 Moenie bekommerd wees nie, as Dit die Heilige Gees is, sal Hy weet wanneer om jou te stop, en wanneer om jou aan die

gang te kry, Hy het die knoppie in Sy hand, julle sien, so Hy weet wanneer om aan-en-af te skakel, gooi net jouself op Sy genade.

112 Dis hoe jy maak met genesing, gooi jouself op Sy genade, Hy het dit belowe, dis Sy Woord, Hy moet—Hy moet Sy Woord vervul, as Hy nie dit nie doen nie, is Hy nie God nie.

113 So ons vind dan uit, net toe hy sy eie seuntjie begin doodsteek het, moes die Heilige Gees sy hand gegryp, gesê het: "Abraham, Abraham! Stop jou hand, Ek weet nou dat jy God vrees, Ek weet dat jy My liefhet."

114 En wat het gebeur? Omtrent daardie tyd, het hy iets agter hom gehoor, en daar was 'n ram, dis 'n manlike skaap, wat in die bosse gevang was aan sy horings.

115 Nou wil ek die klas iets vra ter afsluiting: Waar het daardie ram vandaan gekom? Hy het die rotse daar oral rondgerol, en die altaar gemaak, en die hout opgebou, en alles, waar het dit vandaan gekom? Hy was ten minste vyf-en-sewentig tot 'n honderd myl van die beskawing af, drie dae se reis, daar's leeus, jakkalse, allerhande soorte wilde, wrede diere daarbinne, wat net skape sou jag, en sulke dinge. Dit kon dit nie oorleef het nie, daar's geen beskawing daar nie. Waar het die ram vandaan gekom?

116 Nou, nog 'n ding, hy's ver bo-op die berg waar daar geen water is nie. Hoe kon dit ooit daar gekom het? Wat was dit? Daardie. . .Die teks verduidelik dit, Hy's Jehova-Jireh, Hy het die ram geskep deur te spreek. Nou, dit was nie 'n visioen nie, 'n visioen bloei nie. Hy het gegaan en die ram gekry, dit op die altaar gelê, en sy keel afgesny, en bloed het daaruit geloop. Dit was nie 'n visioen nie, dit was 'n ram.

117 En dis waarom Abraham die naam van die plek *Jehova-jireh* genoem het. As God 'n belofte gemaak het, kan God die ding voorsien vir daardie belofte. *Jehova-jireh*: "Die Here sal vir Homself voorsien." Daardie ram is geskep deur te spreek binne een minuut, die volgende minuut het dit nie meer bestaan nie, maar dit het God se doel vervul.

118 En God is in staat, vanmôre, om die Heilige Gees in ons midde te stuur, Hy is in staat om krag te stuur om die siekes te genees, om die verlorenes te red, en om *enigiets* te doen wat Hy gespreek het om so te wees. "Hy is in staat om uit hierdie klippe," het Johannes gesê: "kinders van Abraham op te wek."

119 En 'n ware boodskapper van God glo dit en hou daaraan vas. *Jehova-jireh*: "God sal voorsien."

Wanneer God enigiets sê: "Hoe gaan dit gebeur, Broer Branham?"

Ek weet nie, dis nie my besigheid om te weet nie, God sal dit voorsien. God sal vir Homself voorsien.

120 "Nou, kyk hier, Broer Branham, die dokter het gesê ek het kanker, en hy het vir my gesê dat ek sou sterf, ek het nog dertig dae om te lewe, hy het gesê ek gaan sterf. Nou, hoe in die wêreld is *Iets* wat ek nie kan sien, raak, voel, ruik, proe, of enigiets anders nie, hoe in die wêreld gaan *Iets* soos daardie hierdie kanker uit my uithaal? Wat gaan hiernatoe kom en daardie kanker letterlik beweeg?"

Ek weet nie, maar God het dit belowe, en God kan iets voorsien om dit te doen.

121 God sal voorsien, Hy's Jehova-Jireh, Hy's net soveel Jehova-Jireh net nou as wat Hy toe was. Hy's steeds Jehova-Jireh, die Here sal vir Homself 'n manier voorsien om Sy Woord te laat gebeur. Amen. As die Pinksters dit nie sal ontvang nie, is God in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig; as die Baptiste dit nie wil hê nie, dan is God in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig.

122 Ek onthou toe die Engel van die Here my daarbuite ontmoet het daardie aand, toe Hy daar afgekom het op die rivier en daardie woorde gespreek het voor omtrent tienduisend mense. Vir my gesê, gesê. . . Julle het die boodskap gehoor, dis in die boek wat Hy gesê het. Kyk hoe presies, volmaak woord vir woord dit gebeur het, sekerlik, net presies die woorde wat Hy omtrent een-en-dertig jaar gelede gesê het, vir my gesê waarheen ek sou gaan, en wat om te doen, en wat dit sou veroorsaak. God het gesê. . .

123 En ek het na my Baptiste pastoor toe gegaan en vir hom gesê, hy het gesê: "Met 'n graad sewe geleerdheid? En jy gaan die Evangelie om die wêreld preek, en wonderwerke en tekens doen?"

Ek het gesê: "Dis wat Hy gesê het."

Gesê: "Billy, wat het jy daardie aand geëet vir aandete?"

Ek het gesê: "Ek kan net sowel my gemeenskapskaartjie net nou opgee, want Lig en duisternis kan nie saam gemeenskap hou nie." Dis presies reg.

Hy het gesê: "Wie dink jy sal jou glo?"

124 Ek het gesê: "As God my stuur, sal God iemand daarbuite hê om die Boodskap te ontvang, want God doen dit nie tevergeefs nie."

125 Toe, toe ek die Pinksters gevind het, het ek my lot by hulle ingewerp, presies reg, omdat hulle dit geglo het, hulle het daarna gesoek, hulle het geglo dit was die waarheid. "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." Ja, meneer.

126 So as God 'n Boodskap gestuur het, God dit belowe het in die Bybel, het God gesê Hy sou dit doen, Hy het belowe Hy sou dit doen, Hy het gesê: "Hierdie tekens. . . " Hy het gesê hierdie

einste tekens en wonders sou plaasvind soos dit was in die dae van Sodom.

"Hoe gaan dit gebeur?"

Ek weet nie, ek kan julle nie sê nie. Hy het belowe Hy sou al hierdie dinge stuur, en hier gebeur hulle.

"Hoe werk dit, Broer Branham?"

Ek wens ek het geweet, ek weet nie, maar God het dit belowe, en God is Jehova-Jireh, Hy kan 'n manier voorsien om dit te doen. Amen.

127 Hy kon dit voorsien in 'n organisasie, buite 'n organisasie, of—of wat Hy ook al wil doen, Hy kan doen wat Hy wil doen, want Hy's God, Jehova God. "Hy is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig." Hy is Jehova-Jireh.

128 Ek wil hê julle moet daardie woorde nou in julle gedagtes hou, ek het julle twintig minute oortyd gehou, maar ek wil hê julle moet daardie dinge in julle gedagte hou.

"Hoe sal God my genees?" "My moeder, Broer Branham, is baie siek." "My baba is baie siek, *dit* is *so*."

"Kan jy hulle help?"

"Nee, daar is nie 'n ding wat ek kan doen nie."

"Wel, hoe het jy gesê . . .?"

"Wel, God kan wel."

"Wel, hoe gaan Hy dit doen? Hierdie baba is so gebore."

129 Ek het duisende maal duisende gesien wat gebreklik gebore is, waterkop, verdraai, en al die res, wat heeltemal normaal en gesond is vandag.

"Hoe het Hy dit gedoen?"

130 Ek weet nie. Die enigste ding wat ek weet, Hy's Jehova-Jireh, die Here het 'n Offerande voorsien, die Here het 'n—'n Lam voorsien. Onthou, dit was nie 'n wyfie skaap nie, dit was 'n ram; Jesus was Man, Man was God, Man, waarin God gewoon het. En Hy was die offerram, en Hy het alreeds voorsien, hoef ons nie te wag vir Hom om te kom, of *een-of-ander-ding* vir offerande voorsien te word nie, dis alreeds voorsien. En die enigste ding wat ons moet doen is—is om ons vertroue en geloof te plaas in God se Offer wat alreeds voorsien is.

"Hoe weet jy Dit is voorsien?"

Wel, hier is Hy, reg onder ons, besig om dieselfde dinge te doen wat Hy op aarde gedoen het. Amen. Het julle Hom lief?

Laat ons ons hoofde buig.

131 Here Jesus, mag dit nooit oor die mense se kop gaan nie, Here, mag dit reguit in elke hart ingaan. Mag ons U groot Gees sien beweeg in hierdie gehoor vanaand, en die kinders van God sien

wat hier siek lê, en buite dokters se beheer . . . Ons dank U vir ons dokters, en al die kennis wat hulle het, maar, God, bo alles dank ons U vir Jesus Christus.

132 En ek bid, Hemelse Vader, dat U elkeen vandag sal laat, soos hulle huis toe gaan, en studeer, en die bure roep, en daardie mense hier uitkry om sesuur, vanaand. Mag Jehova God 'n weg voorsien vir hulle om te kom; Hy is steeds Jehova-Jireh.

"Hoe kan ek hulle ooit kry om te kom?"

Here, as ons ons deel sal doen, is U in staat om U deel te voorsien. Mag dit so wees, Vader.

133 Genees die siekes, red dié wat verlore is, ontvang Self die eer, want dis alles tot U eer, Here. Dis niks vir ons nie, ons is net, ons, dis ons simpatie, ons hart, ons voel dat dit die mense sou help, dis iets om die kerk te help. Waarom sou ons hier wees? Sou dit baie beter wees vir my om tuis te wees vanmôre in my tabernakel, en by my vrou en babas, as wat hulle my op die telefoon skakel en huil, en eensaam is?

134 En, O God, het ek een-en-dertig jaar van my lewe hier op die veld deurgebring, hoe maklik sou dit vir my wees om huis toe te gaan, maar, God, *Iets* onder in my hart sê: "Bly daar op daardie Weskus waar die sonde oorvloedig is. Bly daar waar die muur van ooste en weste ontmoet, en soos die wind wat oor waai, en die besoedeling hier teen hierdie Weskus vaswaai, waar sektes, en dinge, wat nêrens anders in die lande bekend is nie."

135 God, waarom sou ons hier staan? Want dis U opdrag. Hoe gaan ons die mure afbreek? Ek weet nie, Here, maar U is Jehova-Jireh wat vir Uself 'n weg kan voorsien. Ons sal staan by die . . . want in ons harte, voel ons dat ons U kosbare, Kerkie kan help wat sukkel hier langs hierdie kus onder al hierdie Hollywood-glans, en al hierdie ander goed.

136 God, op een of ander manier, sal U U Uitverkorenes roep. "Dié wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep; dié wat Hy geroep het, het Hy geregverdig; dié wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik." Here, hulle is hier iewers, praat met hulle Here, soos ons werk en arbei in liefde om—om U Kerk uit die chaos uit te bring. Skenk dit, Vader.

137 Ons vertrou hulle toe aan U, en vertrou onsself toe aan U, dat U deur ons sal werk dat ons 'n voorbeeld in hierdie buurt kan wees, ander kerke, en ander mense hierrond die lewe van die Pinksters sal sien, sal sien dat hulle 'n ander volk is, hulle eienaardige mense is, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk. God, skenk dit. Laat U Kerk geheilig en eenkant gesit, uitgeroep word, afgesonder van die res van die wêreld. Skenk dit, Here, 'n eienaardige volk, tekens en wonders wat deur hulle werk, groot, glorieryke dienste, en krag, dan sal hulle weet dat daar iets anders is.

138 U het gesê: “Julle is die sout van die aarde, maar as die sout sy geur verloor, sal daar paadjies van gemaak word.” Mense sal net sê: “Wel, julle praat van die Koms van Christus, en kyk wat doen julle; en julle sê julle is anders, ons sien geen verskil in julle nie.”

139 O God, hou die heidene se mond toe. Skenk dit Here. Maak U Kerk so anders, so sout, dat mense sê: “As daar ooit ’n klomp Christene was, *daar* is hulle. Hulle is heeltemal verskillend.” Skenk dit, Here.

140 En U het gesê: “As Ek verhoog word, sal Ek alle mense na My toe trek.” En mag ons in ons lewens, en ons getuienisse, U oplig, dat die wêreld ’n Verlosser vir die wêreld kan sien. Skenk dit, groot Jehova-Jireh, want ons vra dit, in die Naam van U voorsiende Offerhande, U Eie Seun, Jesus Christus. Amen.

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota’s boom.

141 O, doen dit nie iets aan julle nie? [Broer Branham neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.] Wat sou ons doen sonder Hom? Wat as daar geen Jesus was nie? Wat sou ek vandag doen? Waarheen sou ek gaan?

142 U, O Here, het die Woorde van Ewige Lewe, ek draai na U. Laat die wêreld doen wat hulle wil, maar U het Ewige Lewe, laat my aan U vaskleef, my Vader.

143 Wat as daar geen Vader was nie, daar geen Jesus was nie, net geen liefde, geen hoop nie, wat sou ek doen? Wat kon ons doen? O, ek kan nie, as ek tienduisend tonge gehad het, sou ek nie die aanbidding vir Hom uit my hart kon uitdruk nie. Al wat ek kan doen, is om te sê:

> Ek het Hom lief, ek. . .

Omhels Hom, omhels Sy Wese, met geloof in julle hart.

> . . .Hy eerste. . .(Groot Jehova-Jireh!)
> En gekoop. . .verlossing
> Op Gólgota’s boom.

144 O, sou dit nie wonderlik wees as die Gees ’n houvas kry, net nou, soos Dit wil, die verlamdes, die beproefdes, die siekes, wat net opstaan nie? O, dit sou hierdie kuslyn aan die brand steek! Die koerante sou praat, as elke hart oorgegee kon word, “Die Verskynsels Van Die Gemeentes Van God In Long Beach, Een Sondag Om Twaalfuur.” As daar dae sou kom, sou hulle sê: “Hulle was almal eensgesind, en skielik het daar *Iets* in die kerk ingekom.”

O, goeiste, hoe ek voel! Ek kyk af. . .O! Laat my. . .Vergewe my, asseblief, dat ek tyd geneem het.

145 Ek het Oral Roberts probeer kry vanmôre op die televisie wat in my kamer staan, ek het dit uiteindelik gevind. Ek het aangegaan, het ’n bad geneem, en het geskeer, en ek het gekyk na die, het weer uitgegaan om te sien wat aangaan, en, wel, die mees goddelose ding! Probeer om rompe vir vroue te adverteer, gesê wat elke beweging van hulle liggaam gewys. Hoe? God wat ’n vrou so ’n hoë ding maak soos sy is, en haar verstand sou verneder, wanneer God ’n skaapvel oor haar gesit het om haar weg te steek, en sy ’n gebreide rok wil hê om elke vorm van haar liggaam te wys!

146 Christene, kan julle nie daardie boosheid voel nie? As julle nie kan nie, is daar iets verkeerd. Dit bedroef my, ek het omgedraai, ek het gedink: “O God, wonder of my Pinkstersusters sou. . . Asseblief God, moenie dat dit gebeur nie, asseblief, wees genadig, God, moet dit nie doen nie, moenie dat hulle weggevoer word met daardie goed nie.”

147 Ek het uitgestap op die straat, gedink ek sou ’n happie ontbyt kry, daar het ’n man en sy vrou gekom, wat na die kerk toe gaan, en daardie vrou wat sigaretrook van altwee kante af blaas, soos ’n stoomenjin, of iets; hier kom ouma in die straat af, ’n paar hoëhakskoene aan, sy wat ver uitgesteek is soos *hierdie*, ver agter na *daardie* kant, en ver uit na *hierdie* kant. Ek spot nie, ek probeer julle net sê.

148 En my siel was so bedroef, ek het gedink: “God, hier is ek hierbuite as ’n prediker van geregtigheid, en ek kan dit uitspreek, en dit laat hulle my haat. Wat kan ek doen, Here? Wat kan ek doen? Dis U mense!”

En toe het Iets vir my gesê: “Sou jy die lof van mense meer begeer as die lof van God?”

149 Ek het gesê: “Here, gee my vrymoedigheid. Laat die mense sien dat dit liefde is, dit nie is om anders te wees nie, dis liefde. Ek probeer verlossing preek, sien, in my klein Kerkie waarvoor Jesus gesterf het.”

150 Toe het ek op ’n hoek gaan sit, ek het daar gesit, en ek het gekyk, hier oor die straat het gekom, en hier het twee of drie jong vroue gekom, hier kom ’n seun saam met een van hulle, Ricky haarsnitte, julle weet, en gaan, ek het gedink: “O God!” op pad van die kerk af, sigaret in die hand. Gekyk, hier het in die ander straat afgekom, en hier kom ’n hele bende, een van hulle wat ’n baie snaakse grap vertel, onsedelik.

151 Ek het begin oploop in die straat, ek het gedink: “God, hierdie is nie my Tuiste nie. Waarom laat U my nie net—net swaartekrag verloor, een of ander tyd hier uitstap nie? Laat my gaan, Here.” Ek het gedink: “O, ek kan dit nie sê nie. O God, wie gaan uitroep? Wat gaan ons doen? Wat gaan ons doen?” En net gevoel asof Iets in my hart val, onder aan die binnekant, ek het

gedink: “U bedoel dat U kinders, U dogters, U seuns, hierdeur gevange geneem is, God? Is hulle gevange geneem hierdeur?”

152 En gelyk asof ek net kon sien, dit was nie ’n visioen nie, net in my gedagte, ek kon Jesus oor Jerusalem sien kyk, trane wat teen Sy wange afloop, en sê: “Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek julle versamel, soos ’n hen haar kuikens, hoe Ek julle sou versamel het, maar julle wou nie!”

153 En ek kon die Gees in my hart voel uitroep, “O, Pinkster, Pinkster, hoe dikwels sou Ek julle onder My vlerke geneem het, maar julle wou nie!”

154 So ek reken die uur van skeiding kom nader. O, Christene, geroep deur God, moenie dat dit julle—julle bestemming wees nie. Kyk op, kyk op, sny julleself los van elke tou, verkoop die dinge van die wêreld, moenie aardsgebonde wees nie, seil uit na die diepte, vaar uit in die diepte. Doen dit, sal julle nie?

155 Vader God, ek bid dat U die mense sal laat weet wat ek bedoel, dit sal skenk. En mag hulle verstaan dat die enigste rede waarom ’n arm, ongeletterde persoon toegelaat sou word om hierdie dinge te doen is om hulle te laat besef, Here, die uur waarin ons lewe, oordeel. Hulle lees die koerante, hulle hoor dit op die radio, deur televisie, die wetenskap sê dis nou net drie minute voor middernag, en minder. Wat kan op enige tyd gebeur? Die horlosie is gereed om te slaan, die wêreld is aan die einde.

156 Ons sien dat elke volkie met hulle atoom- en waterstofbomme, party van hulle sou ’n gat in die grond blaas, ’n honderd vyf-en-sewentig voet diep vir ’n honderd vierkante myl. O God, wat sou dit doen as een van hulle—een van hulle ooit loskom en in daardie radarskerms kom? Elke nasie sal begin skiet, dan is die einde hier. Weet nie, dit mag nog vandag wees, Vader, ek weet nie, maar ek gaan lewe asof dit vandag was. Skenk dit, Here, U help my om dit te doen, nie net ek nie, maar help hierdie mense om dit te doen, Here, mag ons onsself gereed hou.

157 Jesus het vir ons gesê: “Wanneer hierdie dinge begin gebeur, lig die hoof op, verlossing is naby.” En ons kyk na Israel, God se kalender, wat oorkant in die tuisland sit, en wag om die Messias te sien, Israel het omgedraai, wanneer Josef homself bekend sal maak. Daar sal geween word, elke familie wat hulleself afsonder, huil. Maar voor dit kom, wat het hy gedoen? Sy vrou in die paleis ingestuur.

158 O God, skenk, skenk, Here, dat die kerk dit vinnig sal sien. Ons weet dat hulle dit nie almal sal doen nie, want U het gesê dat hulle louwarm sou wees, U sou hulle uit U mond moes uitspoeg, maar die klein oorblyfsel sou ingeneem word. God, skenk dat elke persoon hier vandag daardie klein oorblyfsel genoem sal word, skenk dit, mag hulle die klein oorblyfsel se beloning kry.

159 Seën hierdie kerk, God. Hierdie kerkie wat hier op die hoek sit, is sonder twyfel gebou, Here, onder groot teëstand. Ons weet dat baie manne wat behoort het aan die organisasie wat hierdie kerk verteenwoordig, Gemeentes van God, ek kan net daardie getuienisse van daardie ou mense hoor wanneer hulle, daardie ou vroue sou skree: onthou van 'n man wat 'n .45 Colt-pistool in die kamer ingeskiet het, en hierdie vrou reg op die voorskoot getref het, en die koeëls het net op die vloer geval, 'n goddelike, ou Gemeente van God moeder. Wat sou sy sê as sy vanmôre kon opstaan en haar dogters sien? O Vader God, wees genadig, doen gou iets vir ons, Here. Skenk dit.

160 God, ek kan nie help om hierdie dinge te sê nie, daar's 'n Gees binne-in my wat huil, huil, net drup en huil. Ek pleit om genade, Here. Hierdie mense gee my 'n liefdesoffer, dis deel van hulle lewe, Here, om 'n lewe vir my kinders te maak, ek sou hulle nie seermaak nie, U weet ek sou nie, Here, ek—ek het hulle te lief. Maar God, wat—wat kan ek doen behalwe net U Gees volg? Ek bid dat U die res daarvan duidelik sal maak, Here. Skenk dit, dat hulle sal verstaan, en, almal saam, ons almal gered sal word by daardie groot Koms van die Here.

161 Ek gee hulle oor in U hande, en gee myself oor, Here. Lei U my na hulle toe, en hulle na my toe. Skenk dit, Vader, dat ons 'n kerk van die lewende God mag wees, saamgesmelt met liefde, en bande van liefde, deur die Heilige Gees. Ons kan dit nie self doen nie, dit kos die Gees om dit te doen, so, Vader, gee ons onsself oor in U hande, in die Naam van U Seun, Jesus Christus, ons Verlosser. Amen.

162 Tot ek julle vanaand om sesuur sien. Leo, Gene, Broer Borders, Billy, of sommige van hulle, sal hier wees om die gebedskaartjies uit te gee, miskien, Billy, dis sy werk. Hy sal hiernatoe kom vanaand, die kaartjies skommel, en enigiemand 'n kaartjie gee wat hulle wil hê. Dan sal ons roep van iewers daarbinne deur die aand.

163 Nou, ons mag nog een hê, volgende Sondag oor 'n week. Nou, kry julle mense hierbinne. Ons weet nie of ons sal of nie, dit sal die manier wees wat die Heilige Gees lei, wat Hy ook al doen. Maar nou, dit breek partymaal los in die dienste, dit raak so geweldig, ek kan dit nie stop nie, dit gaan net aan, in elk geval. En ek—ek weet nie wat sal gebeur nie, ek weet ek het net die Here lief, ek het julle lief.

Julle sê: "Jy het ons lief, en praat so met ons?"

164 Dis waarom, ek het julle lief, dit wys ek het julle lief. Ek wil nie hê dat julle verlore gaan nie, ek wil die Ewigheid saam met julle deurbring, my broer, my suster. Ek probeer julle nie kwaad maak vir my nie, ek het julle te lief. Sou 'n regte vader sy kind op die straat sien sit, en sê: "Babakind, jy beter . . .?" O, nee, hy

sou dit tugtig, hy sou alles doen wat hy kon om te keer dat dit doodgemaak word.

165 Wanneer ek daar staan daardie Dag, en na Hom kyk, wat as die Heilige Gees gesê het: “Ek het jou gesalf, en jou uitgestuur, en jy het teruggehou”?

En jy sou jou hande vir my wuif, en sê: “Broer Branham, as jy my maar net gesê het!”

166 Huh-um. Sal nie so vir my wees nie, ek sal eerlik wees met julle, ek sal eerlik wees met julle, want ek het julle waarlik lief, en God is my getuie dat dit waar is.

Tot ek julle vanaand sien, die pastoor.

God seën jou, Broer Buntain.

61-0212M Jehova-Jireh
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org